

8 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 13:1-23

Fokusgedeelte: DL VD 5:7

Ware geloof hou vir altyd!

Ons weet almal van mense wat vir 'n tyd lank geglo het, maar toe afvallig geraak het. Van hulle het selfs belangrike posisies in die kerk beklee, maar daarna het hulle die geloof verloën. Die vraag is nou: Het hulle werklik geglo in daardie tyd toe hulle gelowig was? Was hulle geloof eg? Die dwaalleraars het gesê: Ja, hulle geloof was eg. “Die geloof van hulle wat net 'n tyd lank glo, verskil net in tydsduur van die regverdige en saligmakende geloof.” Dit beteken dat hulle werklik geglo het, maar dat hulle geloof opgehou het. Die Sinode het hierdie dwaling verwerp, want Christus stel in die gelykenis van die saaiër 'n verdere drieledige onderskeid tussen hulle wat net 'n tyd lank glo en die ware gelowiges.

Die eerste onderskeid wat Hy stel is die tipe grond. Dié wat net 'n tyd lank glo, ontvang die saad op rotsagtige grond, “maar die gelowiges in goeie grond of in goeie harte ...” Verder is dié wat net 'n tyd lank glo sonder wortel, “maar die gelowiges het 'n vaste wortel ...” Boonop dra dié wat net 'n tyd lank glo nie vrugte nie, “maar die gelowiges dra met standvastigheid of volharding in verskillende mate hulle vrugte”. Die verskil by dié wat die geloof behou het was dus nie net in die tyd geleë nie.

Ware geloof hou vir altyd! Geloof wat na 'n tyd ophou was nie ware geloof nie, maar skyngeloof. As ek steeds glo en my geloof nog nie opgehou het nie moet ek die Here dank dat Hy die ware geloof aan my gegee het! Omdat God deur sy Gees aan my 'n goeie hart gegee het waarin die saad van Woord kon groei en wortelskiet, behoort ek uit dankbaarheid ook standvastig en met volharding vrug te dra. Hoe dra u op die oomblik vrug?

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~